

Soos 'n koringkorrel sterf

Johannes 12:20-26



Marek Studzinski https://unsplash.com/photos/aHK_4wglj1Q

I

Jesus se intog in Jerusalem was dramaties. Aan die een kant was dit bietjie soos 'n triomftog, met die mense wat palmtakke swaai, hul klere op die pad oopgooi en Hosanna sing, maar aan die ander kant bars Jesus dan in tranes uit ... Hy huil oor Jerusalem en oor die Jode wat nie verstaan het watter soort koning Hy was nie. Ook by die dissipels was daar onbegrip oor die diepe betekenis van alles wat dié Pasga sou gebeur. En in die verhaal wat ons gelees het, duur die onbegrip voort: die tyd, die uur wat gekom het, was net te gelade, te swanger aan betekenis om regtig te kan begryp.

II

Skielik draai die verhaal dan weg van die Jode, die Joodse skrifgeleerdes en fariseërs; die fokus verskuif na 'n klompie Grieke. Waarskynlik was dit Griekse proseliete, mense op soek

na 'n nuwe godsdiens. Want ons moet besef dat die hele Griekse godsdiens en mitologie van daardie tyd, die veelgodedom wat hulle aanbid het, begin verkrummel het. Die klomp gode op die berg Olympus met hulle manewales het net nie meer bevrediging gebied nie. As mens die verhale van Zeus, Athena, Ares, Aphrodite en Dionisius lees, besef jy hoe immoreel dié gode werklik was; hulle kon net nie meer antwoorde en morele leiding vir 'n nuwe, moderner eeu gee nie. Daarom was die klompie Grieke soekende, het hulle die alleen-God van die Jode begin opsoek. En toe hoor hulle van Jesus. Daarom doen hulle navraag: “Kan ons Jesus spreek asseblief”, vra hulle vir Filippus, een van die Twaalf wat self ook Griekssprekend was.

Filippus was dadelik in vertwyfeling; vir hom was dit 'n yslike verleentheid. Moes hy die Grieke aan Jesus gaan voorstel? Sou dit nie die Jode kwaad maak nie? Is Jesus dan nie net die koning van die Jode nie, die Seun van Dawid, soos die Halleluja-sangers met sy intog gesing het en gedans het nie? Hoe sal dit nou lyk as Jesus met die Grieke in gesprek tree? Daarom gaan vra Filippus eers raad by Andreas, die ander Griekssprekende dissipel. Hulle besluit toe om eers saam by Jesus te gaan hoor: sien hy kans om die Grieke te spreek?

III

Dan antwoord Jesus hulle: hierdie versoek van die Grieke kondig die uur aan, die groot wentelpunt van die eeue: “Die uur het gekom”, die beslissende moment, die oomblik waarin Hy verheerlik sou word, presies dit waarvoor Hy aarde toe gekom het, sê Jesus. Dit is die uur van sy verheerliking, die hoogtepunt van sy koms na hierdie aarde. Nie net as “Seun van Dawid” nie, maar ook as “Seun van die Mens” ... die een wat vir alle mense gekom het – ook vir die Grieke en nie net vir die Jode nie.

Jesus noem dit die “uur van sy verheerliking” wat gekom het – sy gelykstelling met God, die openbaring dat Hy waarlik God se Seun is. En tog is sy verheerliking tegelyk ook sy diepste verlaging, sy grootste vernedering. Sy verheerliking gaan vir

Hom die dood inhou, totale selfprysgawe. Dit verduidelik Jesus dan met 'n besondere beeldspraak. "Amen, Amen" sê Jesus, wat "waarlik, waarlik" beteken. "Ek sê vir julle: 'As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit net een enkele korrel; maar as dit sterf, dra dit baie vrug"". Sy marteling en kruisdood wat voorlê gaan van Hom totale prysgawe vra, gaan vra dat hy vrywillig die bitter beker dring, die dood en helse smart ingaan. Maar dit kan nie anders nie, want daardeur gaan Hy baie vrug dra, oorvloedige genade, ook vir die Grieke, vir die mense van die Ooste en Weste, vir Afrika, ook vir ons hier in Bloemfontein, hier in die kerk vanmore. Daarom is Jesus se sterwe tegelykertyd sy verheerliking, want dit is die uur waarin alles verander het. Soos 'n koringkorrel in die grond val en sterf, om dan weer te begin groei en 'n reuse oes te lewer, so is Jesus se sterwe aan die kruis die draaipunt van die wêreldgeskiedenis, die uur van verlossing vir Jode en Grieke, vir al die nasies. Sy sterwe hou belofte in, dit bring hoop. Daarom treur ons nie net in die Lydenstyd nie; ons gryp ook vooruit na die geweldige betekenis van die kruis vir ons almal, die genadegeskenk wat dit vir ons inhou, die nuwe lewensmoontlikhede wat dit skep! Daarom is Jesus se kruisiging tegelyk ook die uur van sy verheerliking.

As die koringkorrel nie bereid was om in die grond te val en te sterf nie, sou dit 'n enkele korrel bly, sonder betekenis. Daarom moes die koringkorrel eers in die grond val en sterf, sodat dit veel vrug kon dra.

Dááror dink ons na op hierdie Sondag, dááror sing ons vol blydschap en hoop ... selfs te midde van al die lyding, die siekte en verlies, die ontbering en dood wat rondom ons 'n skrikbewind voer. Jesus, die koringkorrel, lewer 'n heerlike oes! En die beste is nog aan die kom! Daaraan hou ons vas in hierdie dae. Dis ons hoop.

IV

Maar dis nie waar Jesus se gesprek met sy dissipels oor die Grieke se versoek eindig nie. Die fokus verskuif dan na hulle toe,

na ons as gelowiges. Hierdie skynbare paradoks pas Jesus dan ook op ons toe. Wie sy of haar lewe wil wen, moet bereid wees om dit eers prys te gee. Ook prys te gee vir die ander, ook vir die Grieke. Ons moet Jesus navolg in sy liefde wat offers gee, wat die self prysgee, wat bereid is om soos 'n koringkorrel in die grond te val en te sterf. Geweldig, dit wat Jesus hier van ons vra! Om sy dissipels te wees, sy navolgers, vra dat ons sal ophou om net vir onself te leef.

Dit is presies ook wat die Here van sy kerk, sy gemeente vra: om onself as lewende offers vir Hom aan te bied, in sy diens en in diens van ander. Dis radikaal, ek weet, maar dis presies wat Jesus hier vra. Hoe ons dit elke dag gaan doen, dit moet ons prakties uitwerk, maar presies dit is die gesindheid waarmee ons moet lewe as ons sy volgelinge wil wees.

Soos koringkorrels ... vir die Grieke met hulle gespierde afgode was dit 'n vreemde, nuwe godsdiens.